

Sing vooraf staande: Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25) (melodie Ps 134)

- 1 Genade en vrede sy oor ons / van God wat in die hemel woon,
wat is, wat was en kom, en van / die sewe Geeste voor sy troon;
- 2 van Jesus Christus, onse Heer, / in sy getuig'nis altyd trou;
die Eersgeboorne uit die dood, / wat dood en doodsmag nie kon hou,
- 3 wat oor die konings heers tot hul / die kronne neerwerp aan sy voet –
Hy wat ons liefgehad het en / ons rein gewas het in sy bloed!
- 4 Tot konings het Hy ons gemaak, / tot priesters om sy Vader te eer;
Hom sy vir ewig eer en krag, / wat nou oor alles triomfeer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:1, 2 (p. 585)

- 1 Salig wie in hul opregtheid / wandel in die HEER se wet,
wie Hom soek van ganser harte / en op sy getuig'nis let.
Salig dié wat in hul wandel / nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë / in Gods wet vir hul gebaan.
- 2 Dis u wil dat ons u woorde / in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, ek sou 't van harte. / HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster, / dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken, / en geen skande oor my haal!

Gebed

Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelingel!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslael!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Skriflesing: Esegieël 1:1-28; Romeine 8:1-30; Heidelbergse Kategismus, Sondag 8

Kernvers: Romeine 8:3, 15

Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in

die-selfde gestalte as as die sondige mens te stuur as 'n offer vir die sonde.

Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. (Romeine 8:3, 15 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 24: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 25: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)?

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

(a) Deut 6:4; Efes 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Efes 2:18; Tit 3:5, 6.

Tema: Die troos om God as Vader, Seun en Heilige Gees te ken

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Sondag 7 bely ons dat net die mense **wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem**, deur Hom salig word. Nadat ons verneem het dat 'n ware geloof 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue is, wil ons graag weet wat die inhoud van die ware geloof is. **Wat moet 'n Christen glo?** En ons antwoord: **Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.** Vanaf Sondag 9 tot Sondag 22 sê ons wat ons met elke deel in dié artikels bedoel. In hierdie 14 Sondagafdelings sê ons in detail wat die inhoud van ons geloof is. Maar voordat ons by die besonderhede van die inhoud van ons geloof kom, is daar eers die inleiding tot hierdie 14 Sondagafdelings waarby ons vanoggend stilstaan.

Die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof is die Twaalf Artikels of Apostoliese Geloofsbelydenis wat die kerk van die Here oor die wêreld heen elke Sondag bely. As iemand ons sommer so op die man af sou vra: Wat glo jy? kan ons net die Twaalf Artikels vir so iemand opsê, want dit is die inhoud van ons geloof kortliks saamgevat. Indien die vraagsteller aandagtig luister, sal hy hoor dat hierdie artikels duidelik en logies saamgestel is. Die eerste deel – die eerste artikel – **handel oor God die Vader en ons skepping**; die tweede deel, dit is die volgende sewe artikels, **handel oor God die Seun en ons verlossing**; en die derde deel – die laaste vier artikels – **handel oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking**.

Vir ons wat God al vir baie lank as Vader, Seun en Heilige Gees ken, is dit maklik om die inhoud van ons geloof in die enige, ware, lewende God so voor mense te bely. Maar daar is baie mense wat nie kan of wil begryp dat God Vader, Seun en Heilige Gees is nie. Dit is nie omdat hulle dom is nie, maar bloot omdat hulle God nog nie so leer ken het nie.

In ons eie land is daar Moslems en Jode wat ons Christene eerder sal wil veroordeel as om God so te wil leer ken. Hulle veroordeel ons omdat ons, volgens hulle, in afgodery verval het of 'n veelgodedom aanbid. God kan nie drie wees nie, sê hulle. Daar is immers net een

geestelike Wese wat God is. En uit ons eie Bybel sal 'n Jood dit vir ons bewys. In Deuteronomium 6:4 staan die woorde geskryf:

Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. (Deuteronomium 6:4 AFR53)

Ons stry egter nie daaroor nie, want die Here maak Homself bekend as die enigste God. Die vroegste kerke in die Nuwe Testament het dit ook bely (1 Kor 8:4):

Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een.

(1 Korintiërs 8:4 AFR53)

Geliefde gemeente, wanneer die Jode met hulle argumente kom, hoef ons nie te skrik en te dink dat die predikante en ons ouers ons verkeerd geleer het nie. Ons hoef ook nie na allerhande filosofiese argumente te gryp om te verduidelik hoe dit kan wees dat God Vader, Seun en Heilige Gees is nie. Die Here ons God wil nie hê dat ons oor Hom sal spekuleer nie. Inteendeel, as ons oor God begin spekuleer, raai ons hoe en wie Hy is en leer ons Hom nie ken soos wat Hy wil hê dat ons Hom moet ken nie. Daarom het die Heilige Gees die kerk baie jare gelede so gelei dat ook die argument van die Jode en Moslems ons nie onkant sal betrap nie.

Daar word vir ons in die Kategismus gevra: **Terwyl daar maar tog net een, enige Godde-like Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees?** Let goed op hoe ons op hierdie vraag antwoord. Ons wend glad nie 'n poging aan om die Drie-eenheid van God te verduidelik nie, want dan gaan ons raai. Ons antwoord egter net: **Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het.**

Ons bely eenvoudig wat God in sy Woord geopenbaar het, al is dit vir die mens nie moontlik om die Drie-eenheid van God ten volle te begryp nie. *Bely* beteken immers om dieselfde te sê wat God in sy Woord vir ons sê. Ons probeer glad nie om God te ontleed en te verklaar nie, want dit is nou eenmaal nie binne ons mense se vermoë om God te ontleed en te verklaar nie. Daarom probeer ons ook nie om die Drie-eenheid van God te verduidelik nie. Ons glo eenvoudig dat God Vader, Seun en Heilige Gees is en ons bely dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is, bloot omdat God Homself so aan ons bekend maak. Net as God self aan ons geopenbaar het hoe dit kan wees dat een God drie Persone kan wees, sou ons dit aan iemand kon verduidelik.

Ja, dit is so dat daar nog baie meer van God te wete is as wat ons in die Bybel van Hom kan lees. Maar wat God van Hom aan ons openbaar, is genoegsaam om Hom te ken as die enige, ware en ewige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Luister maar net weer wat Johannes van Jesus Christus sê, en Hy is net Een van die drie Persone van God:

Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam. (Johannes 20:30-31 AFR53)

God wil hê dat ons Hom sal ken, soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar sodat ons die ewige lewe kan hê. Christus sê trouens self:

En dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (Johannes 17:3 AFR53)

Om God so te ken, soos Christus sê, is om verseker te weet dat God werklikwaar Vader, Seun en Heilige Gees is, en om die vaste vertrouwe te hê dat hierdie Drie-enige God vir my en jou sy kinders gemaak het.

Broers, susters en kinders, ons woorde skiet ver tekort om te beskryf hoe God werklik is, wat nog om te beskryf hoe Hy lyk. Ons het saam uit Esegiël 1 gelees. Esegiël sê self: **ek het gesigte van God gesien** (Esegiël 1:1 AFR53), en weer aan die einde van die hoofstuk: **So het die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk** (Esegiël 1:24 AFR53). Esegiël kan nie presies sê hoe dit lyk wat hy gesien het nie. Hy beskryf alles wat hy sien met iets wat bekend is in hierdie wêreld.

Die mens wat al so baie uitgevind en vermag het, is nie in staat om die ewige wese van God te beskryf nie. God is ver verhewe bo ons mense se begrip. As God se verskyning aan Esegiël so oorweldigend en ontsagwekkend is dat hy op sy aangesig geval het, hoe sal ons ooit begrip kan hê hoe een God drie Persone kan wees? Ons kan dit maar alleen glo en bely omdat die Here Homself so aan ons openbaar.

Alhoewel God ver verhewe bo ons begrip en vermoë is en die feit dat Hy een God in drie Persone is wat ons nie met menslike logika kan verklaar nie, beteken dit nie dat ons nie in Hom kan glo en Hom kan ken nie. Die Here staan nie ver en afsydig van ons nie. Hy wil ook nie hê dat ons kennis van Hom as Vader, Seun en Heilige Gees 'n koue stuk teorie moet wees wat ons net moet ken om ons geloof openlik in die kerk te bely nie. Daarom, wanneer ons ons geloof in die Drie-enige God bely, praat ons in die besonder van sy werk wat Hy persoonlik met, vir en binne-in ons doen. Wat ons van God bely, is evangelie. Dit is evangelie waarin ons God se Vaderhart vol liefde vir ons hoor klop. Dit is evangelie waarin ons God se liefde vir ons in sy Seun geopenbaar sien. Dit is evangelie waarin ons God se liefde in ons eie lewe sien en beleef deur die werk van die Heilige Gees.

Wat God van Homself en sy werk aan ons openbaar, is woorde en werke wat Hy in die besonder op die mens rig. Daarom bely ons wat God vir ons doen en persoonlik vir ons beteken. Drie maal in die antwoord hoor ons die woord *ons*: **God die Vader en ons skep-ping, God die Seun en ons verlossing en God die Heilige Gees en ons heiligmaking**. In hierdie woorde hoor ons in die eerste plek wie God is. In die tweede plek hoor ons waar ons voor God staan.

God die Vader is die Skepper. Hy is die bron, oorsprong en draer van alles. Wat ook al bestaan, het God uit niks geskep. En Hy het ons geskep en laat ons lewe. Ons is die maaksel van sy hande. Ons plek voor hierdie almagtige Skepper is die van 'n skepsel. En tog is ons voor hierdie almagtige Skepper nie soos wat 'n besitting in 'n mens se hande is nie. God het ons nie geskep net sodat ons maar op die aarde sal bestaan nie. Hy het ons geskep om in die ewige heerlikheid in te gaan.

En nou ken ons ook die droewige geskiedenis van God se mense. Hoewel Hy die mens geskep het om in die ewige heerlikheid in te gaan om Hom vir ewig te loof en te prys, het ons van Adam-hulle se tyd af gereken ons is slimmer as God. Daardeur het ons veroor-saak dat ons nie meer vanuit die paradys in die ewige heerlikheid kan ingaan nie. Met ons opstandigheid het ons vir onself 'n hindernis opgerig in die weg tot die ewige heerlikheid. En die ergste van alles, ons het self 'n onoorbrugbare kloof geskeur tussen God en ons.

Tog het God selfs na die sondeval die opstandige en hardkoppige mens nie soos 'n dooie voorwerp begin hanteer nie. Hy het steeds as ons hemelse Vader ons versorg soos wat 'n pa vir sy kinders sorg. Hy dra ons deur die lewe en voorsien in wat ons nodig het om van dag tot dag te lewe.

Maar geliefdes, God ons Vader wil nie net vir ons sorg soos wat 'n pa vir sy kinders sorg nie. Hy wil nie net gee wat ons vir ons liggame nodig het nie. As hemelse Vader is Hy oor

ons hele menswees besorg. Hy wil ons oor die onoorbrugbare kloof tot by Hom bring. Hy wil die hindernis op die weg na die ewige heerlijkheid uit die weg ruim, want Hy het ons immers geskep om daar in te gaan sodat ons Hom ewig kan loof en prys.

Om dit te kan doen, stuur ons hemelse Vader sy eie geliefde Seun in ons sondige gestalte na die aarde. God die Seun het mens geword, sodat Hy Homself as offer vir ons sonde aan die kruis kon offer. Om dit vir ons 'n konkrete werklikheid te maak, moet ons dink aan al die verskriklike sondes wat ons al in ons lewe gedoen het. Christus, die Seun van God, het voor sy eie Vader gaan staan asof dit Hy is wat al daardie verskriklike sondes gedoen het. So het Hy in dieselfde gestalte as ons God se straf gedra, en dit terwyl Hy onskuldig is.

Met die bloedoffer wat Jesus Christus aan die kruis gebring het en deur sy opstanding heen het Hy die kop van die slang vermorsel, met ons sondes eens en vir altyd afgereken en die ewige dood vir ons oorwin. Hy het die slawekettings wat die sonde om ons arms en bene geslaan het stukkend gebreek sodat ons totaal verlos is van die sonde. En met hierdie versoeningswerk het Hy vir ons 'n brug gebou oor die onoorbrugbare kloof sodat ons met vrymoedigheid soos kinders na ons hemelse Vader kan gaan en met vertroue en kinderlike eerbied aan sy voete gaan sit. God die Seun het ons verlos omdat Hy saam met sy Vader wil hê dat ons in die ewige heerlijkheid sal ingaan. Wie sal ooit die diepte en breedte en lengte en hoogte van Christus se liefdeswerk deurgrond – liefdeswerk ook vir my en vir jou. Ons Here Jesus sê immers self in sy gebed aan die Vader:

Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlijkheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. (Johannes 17:24 AFR53)

Maar geliefdes, daar het God nie opgehou nie. Hoewel die Vader ons geskep het en die Seun ons verlos het om in die ewige heerlijkheid in te gaan, weet Hy dat ons steeds nie in staat is om nou op ons eie voort te gaan tot in sy ewige heerlijkheid nie. Daarom betoon die Vader en die Seun steeds hulle liefde vir ons deur die Heilige Gees te stuur. God betrek Homself so intiem persoonlik by die mens dat Hy nie net sy werk met en vir die mens doen nie, maar sy werk ook binne-in die mens kom doen. God die Heilige Gees kom woon binne-in ons om ons van binne af heilig te maak.

Met lewewekkende krag wek die Heilige Gees 'n nuwe lewe in ons dooie sondaarsharte op. Deur die ware geloof lei Hy ons daagliks tot bekering en vergifnis van ons sondes in Christus. Hy maak ons gewillig en bereid om met totale oorgawe in die voetspore van Jesus Christus te loop. Ja, Hy laat ons oor die brug wat Christus vir ons gebou het gaan, en wanneer ons by die Vader kom, gaan ons met vrymoedigheid in sy teenwoordigheid in. Ons het vrymoedigheid nie oor wat ons bereik het nie, maar oor wat Christus vir ons bewerk het. En die Heilige Gees maak die weldade van Christus so eiendom van ons dat ons sonder twyfel en met kinderlike vertrou tot God roep: "Abba, Vader!" Deur sy werk leer ons God ken as ons Vader ter wille van Jesus Christus – ons Vader op wie ons kan vertrou soos wat 'n kind 'n grootmens kan vertrou. Met die Heilige Gees se leiding bewys ons ons liefde in oorgawe aan God omdat Hy God is.

Broers, susters en kinders, ons almal weet egter dat ons geloof in die Drie-enige God nie 'n lewe van maanskyn en rose vir ons verseker nie. Ons erf immers saam met Christus nie net die heerlijkheid nie maar ook die lyding. Nou verseker God ons vanoggend met hierdie woorde in Romeine dat Hy selfs in die swaarkry van hierdie lewe steeds ons Vader, Verlosser en Heiligmaker bly. Al sug ons saam met al die medegelowiges en die hele skepping omdat ons weet dat omstandighede vir ons as kinders van God eintlik soveel heerliker kan wees, sug ons nie alleen nie. Ons en die skepping se gesug word gehoor en

verhoor. Daarvoor sorg God Drie-enig self. Omdat die Heilige Gees binne-in ons woon, hoor Hy nie net ons sugte nie. Hy bring ons sugte na God die Vader toe en pleit vir ons by God volgens die wil van God. God die Heilige Gees wil saam met die Vader en die Seun ons in die ewige heerlijkheid laat ingaan.

Geliefdes, die bestaan van God as Vader, Seun en Heilige Gees kan ons nie verduidelik en verklaar nie. Maar dit wil ons ook nie doen nie. Wanneer ons ons geloof in die Drie-enige God bely, sê ons net wat God self vir ons in die Bybel sê. En tog is hierdie belydenis van ons oor God nie 'n koue stuk boekekennis nie. Dit is ons leer wat ons harte warm laat klop en ons laat juig en bly wees, want God die Vader, Seun en Heilige Gees maak Homself in sy volle Wese betrokke in ons lewens.

Amen!

Slotgebed

Psalm 111:4, 5 (p. 554)

- 4 Die werk van God is reg en waar: / onwrikbaar-vas, onwankelbaar
wat sy bevel aan ons verkondig; / bevestig is dit in sy stand,
verwerklik word dit deur Gods hand / in trou en regtheid, diep en grondig.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak:
sy Naam is vreeslik, hoog verhewe. / Sy vrees is wysheids-aanbegin.
Kom wandel dan die heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Oktober 2013